HEROLDSBAAI jeugoord

Epos: besprekings@heroldsbaaijeugoord.co.za
Leani: 084 245 2207
Neil: 072 850 3629
www.heroldsbaaijeugoord.co.za

# HEROLDSBAAI JEUGOORD

Hierdie Jeugoord is geleë by die ingang na Heroldsbaai - 'n skilderagtige kusdorpie ongeveer 18km vanaf George, 'n vooruitstrewende dorp wat geleë is in die hartland van die bekende Tuinroete. Die Jeugoord is die eiendom van die NG Kerk George-Suid en word bestuur deur die Heroldsbaai Jeugoord Trust.

1. **Beskikbare geriewe**

1.1 Twee dubbelvlak Jeughuise wat in totaal 66 persone kan huisves.

1.2 Elke Jeughuis het op elke vlak 'n en-suite tweebed of dubbelbedkamer.

1.3 'n Veeldoelige gebou wat die volgende insluit:

1.3.1 'n volledig toegeruste kombuis en eetsaal;

1.3.2 'n veeldoelige saal;

1.3.3 onderdak braaigeriewe en stoeparea.

2. **Huurtariewe en deposito**

Vanaf 1 Maart 2019 tot 28 Februarie 2020 sal die onderstaande tarief van toepassing wees:

R90-00 per persoon per nag betaalbaar ten opsigte van elke kind, volwassene, busbestuurder en spysenier of enige iemand anders wat op die perseel oornag of oordag.

'n Minimum tarief geld as volg:-

| | | |
|---|---|---|
| 1 & 2 | Nagte | R3 500 |
| 3 | Nagte | R4 000 |
| 4 | Nagte | R4 500 |

Wanneer die Jeugoord bespreek word vanaf 'n aankomsdatum en vertrekdatum moet betaling geskied vir alle persone vir alle nagte.

Epos: besprekings@heroldsbaaijeugoord.co.za
Leani: 084 245 2207
Neil: 072 850 3629
www.heroldsbaaijeugoord.co.za

'n Deposito gelykstaande aan 50% van die totale bedrag verskuldig is met bevestiging van die bespreking betaalbaar.
Die gemelde tarief word jaarliks hersien.

3. **Bankbesonderhede**

Heroldsbaai Jeugoord Trust
ABSA Bank Beperk, George

| | |
|---|---|
| Takkode: | 632005 |
| Rekeningnommer: | 408 513 1846 |
| Verwysing: | Huurder se naam |

4. **Kommunikasie**

Alle besprekings- en betalingsnavrae moet gerig word aan die Bestuurder van die Heroldsbaaijeugoord Trust
Die Bestuurders is Neil en Leani Van Wyk.
Hul kan gekontak word op die volgende nommers.

| | |
|---|---|
| Neil | 072 850 3629 |
| Leani | 084 245 2207 |
| e-posadres: | besprekings@heroldsbaaijeugoord.co.za |

5. **Besprekingsprosedures**

Na 'n voorlopige bevestiging van u akkommodasienavraag moet die volgende stappe gevolg word:

5.1 voltooi die "Aansoek om Akkommodasie" vorm;
5.2 voltooi die "Verhuringsooreenkoms";
5.3 lees die "Huisreëls" dokument;
5.4 onderteken en stuur die drie genoemde dokumente en die deposito betalingsbewys aan die Bestuurder.

Epos: besprekings@heroldsbaaijeugoord.co.za
Leani: 084 245 2207
Neil: 072 850 3629
www.heroldsbaaijeugoord.co.za

By ontvangs van hierdie dokumente en indien aan die vereistes voldoen is, sal u bespreking finaal bevestig word.

6. **Betaling van balans**

6.1 Die uitstaande balans moet betaal word voor of op die eerste dag van die bespreekte akkommodasie.

6.2 'n Breekskade deposito van R2 000-00 asook 'n sleuteldeposito van R1 000-00 is betaalbaar voor of op die eerste dag van die bespreekte akkommodasie.

6.3 Hierdie deposito sal binne sewe dae na die vertrekdatum, minus enige breekskadebedrag, terugbetaal word.

7. **Kansellasie**

Indien die finale bespreking binne 30 kalenderdae voor die aanvangsdatum van die bespreking gekanselleer word, sal die volle deposito verbeur word.

**Ons vertrou dat u verblyf by ons Jeugoord**
**'n goeie en lekker ervaring sal wees!**